# 136 *Die Koninkryk regeer —Laat dit kom!*

## (Openbaring 11:15; 12:10)

1. Jehovah, u was altyd daar—
 Die God van ewigheid.
U Seun is as Koning gekroon
 Op u bestemde tyd.
Die Koninkryk is opgerig;
 Die nuwe wêreld is in sig.

(*REFREIN*)

*Want nou behoort aan God*
 *Die heerlikheid, redding en mag.*
*Die Koninkryk regeer.*
 *Ons bid: "Laat dit kom, laat dit kom!"*

2. Die Duiwel se tyd is nou kort.
 Die wêreld gaan verby.
Met oë van geloof kan ons sien
 Verligting is naby.
Die Koninkryk is opgerig;
 Die nuwe wêreld is in sig.
(*Refrein*)

3. Die engele sing nou tesaam,
 Hul kan hul nou verbly.
Van Satan en sy bose leu'ns
 Is hulle nou bevry.
Die Koninkryk is opgerig;
 Die nuwe wêreld is in sig.
(*Refrein*)

(Sien ook Dan. 2:34, 35; 2 Kor. 4:18.)

*snylpnw*-AF Nr. 136 4/15
© 2015 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania